WES-BOLAND EISTEDDFOD

Finale reëlings van die **Wes-Boland Eisteddfod: Graad 1 – 3** asook die **Graad 6-7 Voordrag / Speech / Prosa / Prose** wat op **12 – 15 Augustus 2019** by **Laerskool Vredenburg Primary School, Skoolstraat 1, Vredenburg** plaasvind.

Beste Organiseerder

Let asseblief op die volgende inligting vir die afrigters en ouers se gewaardeerde aandag. Ons versoek dat hierdie inligting asseblief aan die deelnemers, ouers en onderwysers deurgegee word.

1. Die tye op die program is benaderde tye en veranderinge kan plaasvind a.g.v. omstandighede buite die sameroeper en beoordelaar se beheer.

2. Deelnemers moet 30 minute voor deelname aanmeld in die skoolsaal.

3. Die skoolsaal dien **nie** as 'n waglokaal nie, maar wel as die **vertrukpunt** na die verskeie lokale waar die leerders sal deelneem.

4. Die skool se voorportaal dien ook nie as die waglokaal nie. Besoekers word versoek om die area en lokale wat daarvoor ingerig is te gebruik. Besoekers sal uit die voorportaal verwyder word.

5. Toegang tot die wagarea sal vanaf 14:30 wees.

6. R5 toegangsfooi word gevra vir besoekers.

7. Daar sal daagliks 'n snoepie wees tot 17:30.

8. **GEEN** kos en/of drank word in die saal of in die lokaal van deelname toegelaat nie!

9. Deelnemers moet in netjiese gewone klere deelneem.

10. Elke deelnemer moet 'n volledig ingevulde Deelnemerstrokie saambring. Verseker asseblief dat die leerder ook 'n afskrif van sy/haar gedig het.

11. Parkering is beskikbaar oorkant die skool, voor die swembad en voor die Hoërskool in Skoolstraat, asook langs die Landdroskantore in Kerkstraat.

Ons sien daarna uit om u te ontvang en wens elke deelnemer sterkte toe met hul voorbereiding vir die Eisteddfod.

Vriendelike groete
JP Herselman
Laerskool Vredenburg
EISTEDDFOD SAMEROEPER vir GRADE 1 – 3 / 6 & 7